

## **Disleksie- Algemene Definisie**

**‘n Disleksiese persoon, van gemiddelde of bo-gemiddelde intelligensie, neem sy omgewing anders waar wat tot gevolg het dat sy aandag weens gedifferensieerde waarnemingsprosessering verswak, tydens die verwerking van simbole, soos letters en syfers, wat tot probleme in die aanleer van lees-, spel- of wiskundige vaardighede lei.**

### **Dr. Astrid Kopp-Duller (1985)**

Enige persoon wat met ‘n disleksiese persoon bevriend is, is ‘n bevoorregte posisie. Disleksies persone is gewoonlik baie kreatief, met goeie insig in tegnologiese aflope. Hulle kan dikwels geduldig wees om dinge te verduidelik, is hulpvaardig en kan dikwels moeilike probleme oplos. ‘n Disleksiese persoon is gewoonlik ‘n lewenslange vriend.

Dikwels word disleksie verkeerdelik as ‘n algemene onvermoë om te lees of te spel gesien. Hier is egter ‘n duidelike verskil tussen disleksie en algemene swak prestasie in lees, spel en/of wiskunde. Veral wat die remedieëring daarvan aanbetrif behoort daar duidelik onderskeid getref word. Daar word kortlik gepoog om die verskille aan te du.

Die oorsaak van verworwe probleme in spelling, lees en/of wiskunde kan deur verskillende faktore veroorsaak word, soos sielkundige, emosionele, fisiologiese en sosiale probleme, asook leemtes in onderrig, voortdurende verwisseling van onderwysers en skole ensovoorts. Disleksie daarteen het ‘n genetiese oorsprong. Dit beteken dat die onderliggende tendens reeds by geboorte teenwoordig is. Hoe hierdie tendens homself sal openbaar, hang sterk van die kind se omgewingsinvloede af. As die omgewing die spesifieke behoeftes van die disleksiese persoon volledig in aanmerking neem, sal daar selde ernstige skoolprobleme ondervind word.

Vroeë identifisering van disleksie is uiters belangrik. Baie aanduidings is al op voorskoolse vlak sigbaar. Die kruipfase is baie belangrik in ‘n mens se lewe, aangesien dit belangrik is vir die onwikkeling van ko-ordinasievaardighede wat later nodig is vir suksesvolle aanleer van lees- en skryfvaardighede. Dit blyk dat baie disleksies persone die kruipfase oorgeslaan het, of dat dit slegs verskraald plaasgevind het. Hulle vertoon dikwels net ‘n skuifel- of robaksie en kruip ook dikwels agteruit of sywaarts. Op hierdie stadium is dit uiters belangrik om die kinders fyn dop te hou, vir moontlike ander aanduidings van simptome wat op moontlike disleksie du. Omdat disleksie ‘n genetiese oorsprong het, word aanbeel dat die situasie goed bespied word, indien een van die ouers of ander familielede disleksies is. Tydens die eerste aanduidings met probleme om lees, spel, skryf of wiskunde vaardighede aan te leer, behoort onmiddellik ‘n ondersoek na die oorsake daarvan sonder tydsversuim gedoen te word, om nie waardevolle tyd - wat vir die gespesiliseerde ondersteuning benut kan word - te verkwis nie. Slegs repetisieoefeninge in lees en spel, as ‘n poging om die foute te verminder, of vaardighede te verbeter, is onder hierdie omstandighede selde suksesvol en ly tot ernstige frustrasie by beide kind en ouers.

Hierdie verbystering is egter onnodig. Daar word vandag aanvaar dat disleksie nie ‘n siekte of geremdheid is en dat die kinders ook nie lui of dom is nie, soos op ‘n tyd aangeneem. Daar is wel hulp vir hulle.

Daar is vandag goeie diagnostiese middels beskikbaar, wat die ondersoeker help om die spesifieke redes vir probleme met lees en spel te identifiseer. Een van die groot probleme wat kinders ervaar, is dat nie alle waarnemingsfunksies wat vir die prosessering van spel en lees relevante inligting nodig is, volledig ontwikkel is nie. ‘n Rekenaarprogram kan suksesvol ingespan word om sodanige leemtes te identifiseer en deur verdere gerigte bemoeienis te verbeter.

Die eerste gedeelte van die rekenaartoets kyk na die aandagfokus van die kind. Gewoonlik vind daar ‘n insinking van aandagprestasie plaas, as die stimuli hoofsaaklik uit simbole bestaan. By prentjies is die aandagfokus meestal beter. Dit het te doen met die prosessering van stimuli in die brein.

Die tweede gedeelte kyk na die volgende waarnemingsfunksies:

Visuele differensiasie - *vermoë om gelyke en soortgelyke stimuli te herken en te onderskei.*

Visuele geheue: - *vermoë om stimuli te herken, te onthou en weer te gee.*

Visuele volgorde - *vermoë om visuele stimuli in volgorde te plaas en te onthou.*

Ouditiewe differensiasie- *vermoë om gelyke en soortgelyke woorde te hoor en te onderskei.*

Ouditiewe geheue - *vermoë om gehoorde stimuli te herken, te onthou en weer te gee.*

Ouditiewe volgorde - *vermoë om gehoorde woorde in volgorde te plaas en te onthou.*

Ruimtelike verhoudings - *vermoë om visuele ruimte en tyd te orden en eenhede te groepeer.*

Liggaam skema - *vermoë om die eie liggaam in die ruimte –linksregs- te beheer.*

Na ontleding van die toetsuitslae sal bepaal kan word, watter waarnemingsfunksies verder geoefen behoort te word.

Die derde komponent van die toets ontleed die tipe foute wat kinders tydens spel en lees doen. Ook hier kan dan afgelees word of die kind verdere bemoeienis nodig het. Hierdie toets gee dus aanduiding tot watter mate primêre simptome van disleksie teenwoordig is ten einde ‘n sinnvolle ondersteuningsprogram te kan ontwerp.

Een van die meer problematiese aspekte rondom disleksie is dat kinders hulself dikwels ontoereikend sien, weens negatiewe komentare rakende hulle prestasie, maar ook weens die langdurige belewing van mislukkings wat met swak prestasies ten spyte van harde insette gepaard gaan. Hierdie belewenis het dikwels emosionale probleme tot gevolg en kan tot sielkundige problematiek lei. Dit word as sekondêre simptome van disleksie beskryf, wat gewoonlik baie moeiliker opgelos kan word as die primêre simptome.

Dit is dus belangrik dat kinders so vroeg as moontlik geïdentifiseer word ten einde te verhoed dat volgehoue mislukkings beleef word. Kinders het suksesse nodig en dit is belangrik om hulle te onderskraag solank hulle nog in staat is om met oorgawe te oefen en sodoende in staat is om dié suksesse te behaal. Om te wag tot hulle mismoedig is en nie meer in hulself glo nie, moet ten alle koste vermy word.

Die gesamentlike insette van onderwysers, ouers en disleksie spesialiste is uiters belangrik. Die verantwoordelikheid vir die kind se vooruitgang behoort nie slegs aan die onderwyser gedelegeer word nie. Dit is belangrik dat ‘n spanpoging gedoen word om die probleme uit te skakel.

Sodra hierdie dinamiek aan die gang gesit is, word baie van die bedreigende faktore uitgeskakel en kinders sal selde binne sodanige raamwerk sekondêre simptome ontwikkel.

Dit behels ook die vermyding van kommentare van party onderwysers soos “jy moet meer oefen” of “dit sal verbeter as jy net harder probeer”. Dit is onvanpas en behoort vermy te word. Gelukkig is die meerderheid van onderwysers baie positief en bereid om ‘n ekstra myl met die kind te gaan. Daar is egter ook diegene wat beweer dat disleksie slegs ‘n versindsel is en ‘n verskoning vir swak voorbereiding is. Diegene behoort egter hul geskiktheid vir die onderwysprofessie in heroorweging te neem.

Dit is vir die struktuur van die ondersteuningsprogram uiters belangrik om te bepaal wanneer die kind ‘n spelfout begaan het en wanneer ‘n waarnemingsfout. Laasgenoemde beteken dat kinders sommige foute eenvoudig nie optel nie, aangesien daar by hulle baie duidelike leemtes in die waarneming van letters en syfers voorkom. Die kind is dus nie bewus dat daar ‘n fout begaan is. Alles lyk reg. Hierdie foute kom meestal voor by woorde wat herhaaldelik gebruik word. Daar is ‘n hele reeks waarnemingsfoute, wat hul oorsprong in ‘n doeltreffende werking van waarnemingsfunksies het soos:

- *Visuele differensiasie*: Daar word probleme ondervind om tussen die letters b/d/p/q/g/o/a/u/n/m/w suksesvol te onderskei (“beur” vir “deur”; “dak” vir “bak” “woeg vir “moeg”; “tniu” vir “tuin” ensovoorts).
- *Visuele geheue*: Klanke wat eenders klink soos f/v en y/ei verwarr die leerling omdat die klank in ‘n woordbeeld nie herroep kan word nie (“vinger” vir “finger”; “fader” vir “vader”; “paleis” vir “palys”; “rys” vir “reis” ensovoorts).
- *Visuele volgorde*: Die volgorde van die letters kan nie gehandhaaf word nie (“so” vir “os”; “sa” vir “as”; “sop” vir “pos” ensovoorts).
- *Ouditiewe diskriminasie*: Die kind hoor klanke wat taamlik eenders klink as dieselfde. Let veral op watter frekwensie dit voorkom. Hoë frekwensieklanke soos k,t,p en s,v,th of lae frekwensieklanke soos b/d, h/j, w/v, m/n/l of ook die skerp d as t aan die einde van die woord is problematies. Soms word letters ook heel uitgelaat.
- *Ouditiewe volgorde*: Die spoor van die laaste letter in ‘n woord wat gelees is, bly vassteek, dus word hierdie letter eerste neergeskryf. Die letters word ook in ander plekke in woord gehoor (“wrood” vir “woord”; “btekeneis” vir ”betekenis” ensovoorts).
- *Ouditiewe analise en sintese*: Hierdie probleem sluit ook aan by ouditiewe diskriminasie waar letters weggelaat word. Soms kan die kind woorde reg klank, maar glad nie die woord reg uitspreek nie. Langer woorde kan ook nie in lettergreepe opgedeel word nie en dit kan dus nie in ‘n speltoets reg weergegee word nie.

‘n Kombinasie van hierdie foute kan ook voorkom.

Die mees sentrale probleem wat disleksiese mense ondervind, is die onvermoë om hul gedagtes gedurende lees, spel en wiskunde op ‘n volgehoue grondslag by sodanige aktiwiteite te bepaal. Daar word herhaaldelik dit geskryf of gesê wat hulle *dink* daar staan. Dit verskil dikwels van dit wat werklik daar staan of van hulle verwag word.

Die oplossing vir hierdie probleem is om beide die aandagfokus te oefen en om die waarnemingsfunksies deur gerigte oefeninge te verskerp. Dit is ‘n basiese en noodsaaklike voorvereiste om enige verdere bemoeienis aan die hand van die geïdentifiseerde lees-, spel-, of wiskundeprobleme te laat voltrek.

Laasgenoemde bemoeienis behoort kennis te neem van die besondere vermoë van disleksie persone om ‘n besondere aanvoeling vir beelde of drie-dimensionele voorwerpe te hê. Hierdie aanvoeling maak dit dikwels moeilik om woorde konstant waar te neem. Indien woorde in ‘n ruimtelike dimensie voorgestel

word, word hulle meestal beter bemeester. Sulke skeppinge word daar ook beter onthou, as gelyktydig die betekenis van die woord vir die kind duidelik uitgespel word en die verkillende woordfamilies daarby betrek word.

Disleksiese kinders hou ook daarvan om met modelleerklei, skeerroom, pypskoonmakers ensovoorts te werk. Hierdie media kan suksesvol ingespan word om drie-dimensionele woordbeeldte bou. Ook blyk daar 'n besondere aanvoeling en fasinasie vir die rekenaar te wees, wat met groot vrug tydens oefensessies ontgin kan word.

Disleksie is 'n versamelbegrip vir baie individuele verskille binne die domein van probleme met lees, spel en wiskunde. Derhalwe is dit uiters noodsaaklik dat daar vir elke kind 'n individuele program ontwerp word en daar 'n een-tot-een begeleiding plaasvind. Om vir elke kind dieselfde program te gee is sinneloos, aangesien dit nie die individuele uitvalle kan aanspreek nie.

Dit is noodsaaklik dat daar met baie geduld en begrip met disleksiese kinders gewerk moet word, aangesien die begeleiding gewoonlik oor 'n lang tydperk kan strek. Baie terugslae kan in hierdie tyd verwag word, wat met omsig en bemoediging hanteer moet word. Onder sulke omstandighede sal dit moontlik wees dat hulle dieselfde lees, spel en wiskunde vaardighede sal ontwikkel as enige ander kind. Hierdie kinders behoort beslis nie in 'n spesiale skool nie. Hulle het uitstekende vaardighede in 'n aantal rigtings en kan buitensporig goed presteer in kreatiewe of tegniese terreine. Dit is slegs by lees en spel dat dinge begin skeefloop.

Voortdurende kontrole en observasie van vordering is nodig. Laat ons poog om 'n wêreld te skep waar disleksiese persone 'n meer volwaardige plek in die samelewning kan inneem – sonder vooroordele. Laat ons na disleksiese persone met aandag luister; hulle kan vir ons veel vertel en ons kan hope van hulle leer.